# Wat jy moet saai om goeie oes te kry.

Wat is jou identiteit.   Ek behoort aan Jesus
Hou op om te probeer, begin oefen
Moenie stop nie.

2 goed leer.  Eerste week,  liefde.

**Gal 6:7-9  Moenie 'n fout maak nie. God laat nie met Hom spot nie: Wat mense saai, sal hulle ook maai!**
**8Hulle wat op die land van hulle sondige geaardheid saai, sal op grond daarvan die dood oes, terwyl hulle wat op die land van die Gees saai, op grond daarvan die ewige lewe sal oes.**
**9Moet dus nie moeg word om goed te doen nie, want as ons nie tou opgooi nie, sal ons op die regte tyd oes.**

Paulus ernstig.  Jy kan God nie bespot nie.   GEE WET.  Jy maai wat jy saai.
**Wet   Saai en maai.   Is altyd dieselfde  (Gravitasie krag)**

1. **Jy oes wat jy gesaai het.**
2. **Jy oes meer as wat jy gesaai het.**
3. **Jy oes nadat jy gesaai het.**

Hoe weet ek die land is goed?  Kyk wat kom uit die land te voorskyn.

**LUKAS 6:45**
**Die goeie mens bring die goeie te voorskyn uit die oorvloed goeie dinge in sy hart, en die slegte mens bring die slegte te voorskyn uit die oorvloed slegte dinge. Waar die hart van vol is, loop die mond van oor."**

Hoe weet jy iemand is 'n tennisspeler, golfspeler of sokkerspeler?
Hoe weet jy iemand is 'n Christen?

Jy kyk hoe lyk hy.  Wat doen hy.  Wat praat hy.   Hoe lyk Jesus?
**MATTEUS 12:18-21 NLV**
**"Hier is my Dienskneg wat Ek uitgekies het. Hom het Ek lief. Hy maak my hart baie bly. Ek sal my Gees op Hom laat rus en Hy sal my besluit aan die nasies bekend maak. Hy sal nie met mense stry of 'n groot lawaai maak nie. Hy sal nie sy stem in die openbaar verhef nie. Hy sal dié wat reeds geknak is, nie nog**

**verder verbrysel nie en die vonkie hoop wat nog oorgebly het, sal Hy nie uitblus nie, totdat Hy my besluit laat seëvier. Ja, op Hom sal die nasies hulle hoop vestig.”**

**Joh 13:34-35  Ek gee julle 'n nuwe gebod: julle moet mekaar liefhê. Soos Ek julle liefhet, moet julle mekaar ook liefhê.  (35)  As julle mekaar liefhet, sal almal weet dat julle dissipels van My is."**

Die wet is vervul.  Nee nuwe gebod.  Soos ek julle lief het.  Jesus het eerste gedoen.
Tennis, golf, sokker leer by afrigter, couch.  Maak soos sy afrigter.
Identiteit, oefen en nie stop nie.

Die belangrikste gebod: Wees lief vir jou God
Tweedens: Wees lief vir jou naaste
MAAR nou nuwe gebod, wees vir mekaar lief.  Want God is nie nou buite jou nie, woon in jou.  God is in jou, is die bron van die liefde.
Ook verstaan.  Ons is nie naak nie, ons is aangetrek met Jesus

Hoe staan ons uit as Christene:
Moses – hulle towenaars het ook die wonderwerke gedoen
**(35)  As julle mekaar liefhet, sal <u>almal weet</u> dat julle dissipels van My is."**

Geskiedenis vertel, die eerste kerk vervolg deur die Romeine.  313 AD aanvaar Romeine die christene as ‘n geloof, 10 jaar later,  As hulle amptelike geloof.  Hoekom?  Die beeld wat christen gedra het, huwelik, mekaar lief gewees, vervolg en dan nog steeds lief gewees.  Na Romeinse straat kinders om gesien.  Liefde bewys, liefde gegee

<u>Wat is liefde?</u>
1Joh 3:16
**Hiéraan weet ons wat liefde is: <u>Jesus het sy lewe vir ons afgelê.</u> Ons behoort ook ons lewens vir ons broers af te lê.**
My lewe af lê, die minste is,  As ek Jesus se dissipel wil wees, moet ek myself haat.  Jesus meer lief hê as myself.  So moet ek ander lief hê

**1Joh 3:13-14  Broers, moenie verbaas wees as die wêreld julle haat nie.  (14)  Ons weet dat ons klaar uit die dood na die lewe oorgegaan het, want ons het ons broers lief. Wie nie liefhet nie, bly in die dood.**

Politiek haat, rassisme is haat, by jou werk, beleef jy nie altyd liefde nie.  Bring die dood
Ons lewe omdat ons lief het.
Plante versorg, omdat ek lief het.  Kyla baie langer na vissie om gegee, lankal dood by my omdat ek nie liefhet nie.
Bv. Hoekom sukkel jy met ou kar, ek is lief vir die kar.
**Mat 6:21  Waar jou skat is, daar sal jou hart ook wees.**

Liefde bring lewe, huwelik, kinders, vriende , kerk ens
**Saai en maai bring lewe.  Of dood**

**<u>Wat is liefde?????</u>**
**1 Korintiërs 13:4**
**Liefde bly geduldig,liefde gee om,liefde is nie jaloers nie,spog nie,en is nie verwaand nie.**

**Love is patient, love is kind. It does not envy, it does not boast, it is not proud.**
**1 Corinthians 13:4 NIV**

**Wat is liefde:**  Dit is 'n gevoel, emosie.  Maak ook fout: want ons wag vir die gevoel.
Dit is 'n daad, jy kan dit sien, aksie, jy kan daaraan werk.
Dit kan getoets word, wanneer word dit getoets, onderdruk is. Vervolg word
Sien of jy regtig golfspeler.
Sê 'n klomp negatiewe goed, wat liefde nie is nie.  Liefde kan gesien word.

**Daad:**  Liefde is geduldig en vriendelik, gee om
Om geduldig te wees, wys liefde
Om vriendelik, omgee te wees, wys liefde

**Gal 5:22  Die vrug van die Gees, daarteenoor, is liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goedhartigheid, getrouheid,**

**Die H.G. help jou.  Hy is in jou.**

Hoekom geduldig wees.   Want God is geduldig met jou, jy wil dit hê.  Saai dit.
Hoekom is geduld eerste?
Hoekom is geduld VOOR vriendelikheid, omgee.

Vb. Padwoede. Eers geduldig, dan glimlag. Waai jou hand
Ongeduldig, druk die hoeter, skreeu en vloek, wys vinger.

Hoekom vriendelik, omgee. Why, Be Kind Die H.G. help jou om dit te plant(Saai)

Paul in **Eph 4:32 32 Be kind and compassionate to one another, forgiving each other, just as in Christ God forgave you.**
Kind and forgive (70x7 coming up) identiteit, oefen, nie stop nie

**Efes 4:32 Wees goedgesind en hartlik teenoor mekaar, en vergewe mekaar soos God julle ook in Christus vergewe het.**

1. **Jesus het eerste gedoen.**
2. **Hy leer ons, gee opdrag**
3. **Ek lyk soos Jesus,**

**Onthou jy is gemaak om liefde te ontvang, jy hou van liefde. En liefde te gee. Geduld en vriendelikheid, omgee.**
Jy is besig om iets te saai wat jy wil maai.
Ons hou van mielies, daarom saai ons mielies

Actual kindness means giving without expectation - Gary Vee
Ware vriendelikheid, ware omgee, is om te gee sonder om terug te vervang.

World kindness day - 13 Nov 2022

Manier om goedheid te bewys. **Ways to be kind**
Wees vriendelik, groet net mense. Praat sag, gee ‘n sagte antwoord.
Moenie oordeel nie. Wees die minste. Luister vir ander.

Afsluit.

Wie Is jy? Soos Jesus. Is jy iemand wat reg plant
Probeer jy maar net. Of oefen jy saam met jou afrigter, H.G
Stop jy, of hou jy aan.

Boer wat plant, mielies kom nie op nie. Plant oor, plant dele wat nie reg is nie, weer oor.